# Assessering van Professionele Bevoegdheid November 2018
# Voorafvrygestelde inligting
# Millennial Hotelgroep (Edms) Bpk

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

November 2018

| Son | Ma | Di | Woe | Don | Vry | Sat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | |

**Inmandjie[1]** Junior.Ontwrigter[2]@millennialhg.co.za

**Pos**

**Kalender**

**Kontakte**

**Take**

**ONTVANG**

| *Dok* | *Van* | *Onderwerp* | *Aanhangsel* | *Ontvang* |
|---|---|---|---|---|
| A | Travis Jagger | Verwelkoming | *Aanhangsel: Millennial Hotelgroep (Edms) Bpk* | 1/11/2018 |
| B | Travis Jagger | Rekeningkundige verantwoording van huurkontrakte | – | 9/11/2018 |
| C | Travis Jagger | Gasteprogramme | – | 12/11/2018 |
| D | Tshepo Umculi | 6CWKF-lening | – | 13/11/2018 |
| E | Travis Jagger | Sekondering na interne oudit-eenheid | *Aanhangsel: Strooibiljet van opkomende SAIGR-seminaar* | 14/11/2018 |
| F | Brian Stewart | Fokusareas vir volgende week | – | 16/11/2018 |

Millennium Hotelgroep (Edms) Bpk is 'n fiktiewe maatskappy, en al die gebeure sowel as die name van alle persone wat met hierdie maatskappy verband hou, soos genoem in hierdie Assessering van Professionele Bevoegdheid, is bloot fiktief van aard en enige ooreenkoms met werklike persone, hetsy lewend of dood, of met enige werklike besigheidsentiteit, is bloot toevallig.

[1] Eng.: Inbox.
[2] Eng.: Disruptor.


© SAICA 2018

**DOKUMENT A**

**E-POS VAN TRAVIS JAGGER OM DIE JUNIOR ONTWRIGTER TE VERWELKOM**

| | |
|---|---|
| **Van:** | Travis Jagger |
| **Gestuur:** | Donderdag 1 November 2018, 8:00 vm |
| **Aan:** | Junior Ontwrigter |
| **GK[3]:** | |
| **Onderwerp:** | Verwelkoming |

Hallo daar

Welkom aan boord. Dit is jou eerste dag by Millennial Hotelgroep (MHG) en ons is baie opgewonde daaroor dat jy by ons span aansluit. Dit is die eerste keer dat ons 'n pas gekwalifiseerde GR(SA) gewerf het, en ons is dus opgewonde oor jou vaardighede. Jy sal merk dat ons by MHG dinge anders doen en ons streef na uitmenemdheid in alles wat ons doen. Jou rol as 'n junior besigheidsontwrigter sal verskil van enigiets wat jy al ooit gedoen of oorweeg het. Jy sal direk aan my verslag doen en by 'n verskeidenheid uiteenlopende aktiwiteite betrokke wees. Ek mag jou byvoorbeeld vra om na ons mededingers se hotelle te reis en hul gasvryheid te beleef en hul dienste te beoordeel. Ek sal jou dalk vra om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die impak wat nuwe rekeningkundige standpunte op ons syfers het.

Ek heg 'n dokument aan (vertroulik natuurlik!) wat ek aan alle nuwe personeel verskaf. Dit bied nuttige insig in ons besigheidsmodel en verwante inligting.

Groete
Travis

**HFB[4]:** Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm vir meer besonderhede.

[3] Eng.: CC.
[4] Eng.: CFO.

## E-POS AANHANGSEL

### *Millennial Hotelgroep (Edms) Bpk*

### 1. Geskiedenis

Die Millennial Hotelgroep ('MHG') is in 2012 deur Tshepo Umculi, Travis Jagger en Sarah Naidoo gestig. Die visie was om ’n hotelgroep te stig en te skep wat op die jonger geslag, losweg bekend as 'millenniërs', gemik is. Die idee was dat as die hotelle jonger mense kon lok, nuus daarvan ook na die ‘ouer’ garde sou versprei. Dit sou beslis nie andersom werk nie. Millenniërs dink en tree anders op as mense wat voor 1990 gebore is. Hulle kan hulle nie ’n wêreld sonder die internet, slimfone en Netflix voorstel nie. Die ervarings wat hulle van hotelle verlang verskil baie van dié van middeljarige uitvoerende beamptes.

MHG het binne ’n kort tydperk sukses behaal deur op kliëntbehoeftes en -begeertes te fokus. Die groep het ook vinnig ontwikkel in reaksie op die veranderende tegnologiese, sake- en sosiale omgewings. MHG bedryf tans tien hotelle in Johannesburg (5), Kaapstad (4) en Durban (1). Die hotelle is ontwerp om elk 69 kamers te hê. Die kamerontwerp is gemik op die jonger generasie – 55-duim televisieskerms, helderkleurige pluiskussings, gebruikervriendelike werkstasies en draadlose slimfoonherlaaiing is enkele voorbeelde van die standaardkenmerke van elke kamer.

Die huidige aandeelhouers van MHG:

| **Gewone aandele – Klas A** | **Aantal** | **%** |
|---|---|---|
| Tshepo Umculi | 40 000 | 20% |
| Travis Jagger | 30 000 | 15% |
| Sarah Naidoo | 30 000 | 15% |
| 6Capitals Waagkapitaalfonds | 80 000 | 40% |
| Werknemersaandeletrust | 20 000 | 10% |
| | 200 000 | 100% |
| **Gewone aandele – Klas B** | | |
| Tshepo Umculi | 4 000 | 40% |
| Travis Jagger | 3 000 | 30% |
| Sarah Naidoo | 3 000 | 30% |
| | 10 000 | 100% |

6Capitals Waagkapitaalfonds[5] ('6CWKF') was ’n vroeë belegger in MHG, wat die stigters se visie gesteun het. 6CWKF het ten tye van die belegging vir gewone aandele ingeskryf en daarna, aan die begin van FJ2016, ook leningsfinansiering verskaf wat MHG in staat gestel het om sy bedrywighede uit te brei. Die lening is binne agt jaar vanaf die toekenningsdatum terugbetaalbaar en rente word teen ’n markverwante rentekoers gehef en betaal soos wat dit aangegaan word.

Die Werknemersaandeletrust is tydens die oprigting van die maatskappy gestig en het ’n 10%-aandeelhouding teen nominale waarde verkry. Tshepo, Travis en Sarah het gemeen dit is belangrik dat MHG-werknemers in die welvaartskepping deel. Geen ander aandeelaansporing- of opsieskemas is tans in plek of word beplan nie.

[5] Eng.: Venture Capital Fund.

 © SAICA 2018

MHG se Klas A-gewone aandele is elk geregtig op een stem per aandeel en 'n proporsionele deel van enige gewone dividende verklaar en betaal. Die Klas B-gewone aandele het geen reg om dividende te ontvang nie, maar is by enige algemene aandeelhouersvergadering geregtig op tien stemme per aandeel. Dit beteken dat die Klas B-gewone aandeelhouers gesamentlik op 33,3% van die totale stemme by enige MHG aandeelhouersvergadering geregtig is. Tshepo, Travis en Sarah het op die Klas B-aandele ingeskryf toe 6CWKF in die onderneming belê het. Hoewel hulle bereid was om hul ekonomiese regte op deelname aan dividende ten tye van 6CWKF se belegging te verwater, was die stigters vasbeslote dat hulle beheer oor die strategie en rigting van MHG wou behou.

## 2. Besigheidsmodel

- MHG volg 'n ander benadering as tradisionele hotelgroepe deurdat hulle tegnologie aangryp en werknemers bemagtig. Tegnologie speel 'n sleutelrol in die lewering van die kliëntervaring[6]: Daar is geen ontvangstoonbanke by MHG-hotelle nie. In plaas hiervan kan kliënte dienspersoneel by die kroeg, restaurant of koffiestasies om hulp nader. MHG-werknemers is veelsydig en tegnologies vaardig.
- Ontvangstoonbanke is oorbodig, aangesien die oorgrote meerderheid van kliënte aanlyn via MHG se veilige portaal inboek (dit kan vanaf 14:00 op die dag waarop die kliënt toegang tot sy/haar hotelkamer wil verkry, gedoen word), wat die vaslegging van die kliënt se besprekingsverwysingsnommer en van vereis.
- Daar is geen kamersleutels nie. In plaas hiervan moet kliënte, nadat die inboekprosedure voltooi is (kyk die vorige punt), hul slimfone op MHG se mobiele toep[7] registreer (indien hulle dit nie reeds vroeër gedoen het nie). Sodra kliënte se hotelkamers gereed is, ontvang hulle 'n WhatsApp-kennisgewing van die kamernommer. Die kliënte kan dan die deur van die toegewese kamer oopsluit deur hul slimfone (wat die mobiele toep bevat) en 'n Bluetooth-verbinding te gebruik.
- Daar is gratis Wi-Fi in alle kamers en gemeenskaplike areas.
- Elke kamer het toegang tot Netflix en kliënte moet 'n daaglikse tarief betaal indien hulle toegang tot die inhoud daarvan verkry en Netflix kyk.
- Toegang tot alle hoteldienste (kamerdiens, wasgoed, besprekings van ekskursies en vir restaurante, ens.) is moontlik deur MHG se mobiele toep (wat vroeër afgelaai is).
- Indien hotelkamers beskikbaar is, kan kliënte hul verblyf enige tyd van die dag of nag verleng deur op MHG se veilige portaal in te log.
- Uittekenprosedures[8] en betalings vir akkommodasie, kos, drank en dienste word outomaties op die vertrekdatum gedoen. Kliënte wat nie deur reisagente bespreek het nie, moet kredietkaart- of debietkaartbesonderhede verskaf voordat hulle inboek; hierdie besonderhede word elektronies as akkuraat geverifieer en 'n toereikende bedrag word vooraf goedgekeur.

MHG het besef dat millenniërs 'n ervaring by 'n hotel wil beleef, eerder as om 'n hotel net as 'n slaapplek te gebruik. Hotelle bied gereeld wynproe-aande, 'craft gin'-proesessies, poësie-voorlesings, jazz musiekgebeure en voedseltrok[9]-aande aan.

---

[6] *MHG beskou die begrippe 'kliënt' en 'gas' as omruilbaar.*
[7] Eng.: Mobile app.
[8] Eng.: Checking out.
[9] Eng.: Food truck.

MHG ontwerp sy restaurante, kroeë, koffiestasies en gemeenskapsareas om oopplan, lugtig en opwindend te wees. MHG-kliënte geniet interaksie met mekaar, in teenstelling met vorige geslagte wat die meeste van hul tyd in hul kamers sou deurbring eerder as om te sosialiseer.

Alle MHG-hotelle beskik oor gimnasiums, binnenshuise swembaddens en besigheidsentrums. MHG bied diverse ete-opsies in ooreenstemming met die tendens van gesonder eetgewoontes. Restaurante het vegetariese, vegan, Banting- en glutenvrye ete-opsies. Alle produkte wat in die hotelle gebruik word, is organies.

MHG-hotelle het klein winkeltjies wat noodsaaklikhede soos toiletware verkoop. Hulle verkoop ook klere, koerante, juweliersware, skoonheidsmiddels en gesonde versnaperinge.

Sosiale media vorm 'n integrale deel van MHG se besigheidsmodel. MHG is aktief op Facebook, Twitter en Instagram.

MHG het 'n ongewone benadering tot die bemagtiging van sy werknemers aanvaar. Die MHG Gedragskode, wat jaarliks, indien nodig opgedateer word, is gesamentlik deur werknemers opgestel. Die Kode bevat 'n lys van die sleutelbeginsels waarvolgens MHG bedryf moet word. Die beginsels is bondig en verklaar die volgende:

- MHG se primêre doel is om gefokus te wees op kliënte se behoeftes en die hoogste vlak van kliëntediens te lewer;
- MHG-werknemers moet ten alle tye goeie oordeel toepas en die regte ding doen;
- MHG en sy personeel moet die vertroulikheid van kliënte en verskaffers en van besigheidsinligting respekteer en sal dit nooit aan buite-partye openbaar maak nie (tensy hulle wettiglik daartoe verplig word) en sal nie data vir kommersiële wins verkoop nie; en
- MHG moet alle belanghebbendes (kliënte, werknemers, die regering, plaaslike gemeenskappe, aandeelhouers en verskaffers) betrek om wedersyds voordelige verhoudings te bevorder.

## 3. Verkryging van besigheid

MHG gebruik verskeie bemarkingskanale om kliënte te te lok. Soos vroeër genoem is, is MHG aktief op sosiale media en kliënte word aangemoedig om resensies te plaas. Sosiale media is ook 'n nuttige bron waardeur toekomstige geleenthede en spesiale aanbiedings geadverteer en bemark kan word. MHG het 'n gebruikersvriendelike webwerf wat inligting verskaf oor hotelliggings, gastedienste, kamertipes, kamertariewe, restaurante en fasiliteite. Kliënte kan via hierdie webwerf navrae rig en besprekings doen.

Besigheid word ook deur tradisionele kanale soos reisagente en toeroperateurs verkry. MHG betaal kommissie (jaarliks vooruit onderhandel) op akkommodasie-inkomste verkry vanaf reisagente en toeroperateurs. MHG handhaaf goeie verhoudings met hierdie maatskappye en spoor hulle aan om geïndividualiseerde jaarlikse bed-nag-teikens te bereik. Aansporings bestaan uit gratis akkommodasie. Byvoorbeeld: Indien XYZ Travel se teiken 100 nagte se verblyf in 'n kalenderjaar is, word vyf gratis nagte aan XYZ Travel toegeken wanneer hulle dié teiken oorskry. Dit kan deur XYZ Travel se personeel gebruik word of aan sy kliënte verkoop word.

Aanlyn besprekingsplatforms het 'n belangrike bron van inkomste geword, en maak ongeveer 30% van MHG se inkomste uit. MHG word op die belangrikste aanlyn reisagentskappe (ARAs) soos www.expedia.com, www.booking.com, www.hotels.com, www.trivago.com en


© SAICA 2018

www.tripadvisor.co.za gelys. ARAs ontvang kommissie bereken as ’n vaste persentasie van akkommodasie-inkomste.

MHG is onseker oor die impak wat Airbnb, ’n aanlyn gemeenskapsmarkplatform wat mense verbind wat hul tuistes wil uitverhuur met mense wat op soek is na akkommodasie, op sy inkomste gehad het. Aangesien besettings oor die afgelope paar jaar stabiel is, is daar geen direkte bewyse dat Airbnb potensiële besigheid van die groep af weggelok het nie. MHG glo sy voortreflike diens en geriewe verskaf ’n mededingende voordeel bo enige gemeenskaps-markplatform. MHG oorweeg dit egter om 5–10 kamers by elk van sy hotelle op Airbnb te lys en te evalueer of dit die inkomste sal verhoog.

Namate nuus in verband met die onderneming se geteikende aanbieding op ARA-platforms en sosiale media gedeel word, neem die verhouding van buitelandse gaste wat by MHG se hotelle oorbly, toe.

## 4. HotelSys OHB-stelsel[10]

MHG het in FJ2017 ’n nuwe wolkgebaseerde[11] OHB-stelsel geïmplementeer om te verseker dat al die verskillende dele van die hotelbedrywighede gesinkroniseerd met mekaar werk, om sodoende die beste moontlike ervaring aan kliënte te lewer. Die OHB-stelsel het ’n aantal modules, waaronder die volgende:

- Besprekings
- Inboekfunksies
- Kamerdienste
- Kos en drank
- Fakturering
- Huishouding
- Loonbestuur
- Finansiële verslagdoening
- Bestuursinligtingstelsel (BIS) en -verslae.

Die BIS en -verslaemodule maak dit moontlik om pasgemaakte verslae redelik maklik te bekom. Dit word dikwels deur MHG se bestuur vir besluitnemingsdoeleindes gebruik. MHG se interne ouditeure (kyk par. 7 onder) is ook opgelei om hierdie module te gebruik en beskik oor die nodige toegangsregte.

[10] Eng.: ERP system.
[11] Eng.: Cloud-based.

## 5. Finansiële prestasie

Die historiese finansiële resultate word hieronder opgesom. MHG het ’n September jaareinde en het International Financial Reporting Standards (IFRS) as sy finansiële verslagdoenings-raamwerk aangeneem.

| | Geouditeer | Geouditeer | Konsep |
|---|---|---|---|
| | **2016** | **2017** | **2018** |
| | **R’000** | **R’000** | **R’000** |
| **Inkomste** | 333 761 | 364 378 | 366 165 |
| Akkommodasie-inkomste | 233 465 | 243 035 | 246 813 |
| Voedsel- en drankinkomste | 90 115 | 105 670 | 102 526 |
| Diverse en winkelinkomste | 10 180 | 15 673 | 16 826 |
| | | | |
| Koste van verkope | (91 117) | (102 754) | (104 357) |
| **Bruto wins** | 242 644 | 261 623 | 261 808 |
| | | | |
| **Bedryfskoste** | (200 846) | (213 961) | (225 928) |
| Bankkoste | (4 172) | (4 373) | (4 028) |
| Werknemerskoste | (80 761) | (86 010) | (91 257) |
| Bemarking | (8 344) | (9 109) | (9 154) |
| Bedryfshure | (70 877) | (75 838) | (81 147) |
| Onderhoud en herstelwerk | (15 848) | (16 640) | (17 472) |
| Ander bedryfsuitgawes | (20 845) | (21 991) | (22 871) |
| **VVRBDA**[12] | 41 798 | 47 662 | 35 880 |
| Depresiasie en amortisasie | (14 918) | (14 332) | (14 574) |
| **VVRB** | 26 881 | 33 330 | 21 306 |
| Rente-inkomste | 887 | 1 124 | 1 165 |
| Rente-uitgawe (6CWKF-lening) | (2 400) | (2 400) | (2 400) |
| **Wins voor belasting** | 25 368 | 32 055 | 20 071 |
| Belasting | (7 179) | (9 103) | (5 680) |
| **Wins vir die jaar** | 18 189 | 22 951 | 14 391 |
| | **%** | **%** | **%** |
| Jaarlikse verandering in totale inkomste | 11,9 | 9,2 | 0,5 |
| Jaarlikse verandering in bedryfskoste | 6,4 | 6,5 | 5,6 |
| ‘JAWS’-verhouding | 5,5 | 2,7 | –5,1 |
| VVRBDA/Inkomste | 12,5 | 13,1 | 9,8 |
| | | | |

*<u>Aantekening</u>: Die syfers in afdeling 5 is wiskundig akkuraat, alhoewel daar afrondingsverskille mag wees.*

[12] Eng.: EBITDA.


© SAICA 2018

Koste van verkope bestaan uit kommissie betaal aan reisagente, toeroperateurs en ARAs, die koste van voedsel, drank en koeldranke, en die koste van goedere wat in die klein hotelwinkeltjies verkoop word.

Net soos ander hotelgroepe gebruik MHG sekere finansiële verhoudings om bedryfsprestasie te monitor. Dit sluit die volgende in:

- Besetting (betaalde gastenagte gedeel deur beskikbare kamernagte);
- Gemiddelde inkomste per beskikbare kamer (InkPBK), wat bereken word deur die akkommodasie-inkomste deur die beskikbare kamernagte te deel; en
- Inkomstemengsel (persentasie inkomste verkry uit akkommodasie, kos en drank, en diverse en winkelinkomste).

Bogenoemde verhoudings was die afgelope drie finansiële jare soos volg:

| | **2016** | **2017** | **2018** |
|---|---|---|---|
| Maksimum beskikbare kamernagte | 251 850 | 251 850 | 251 850 |
| Betaalde gastenagte | 173 777 | 178 814 | 176 300 |
| Besetting | 69% | 71% | 70% |
| | | | |
| InkPBK | R 927 | R 965 | R 980 |
| Jaarlikse verandering in InkPBK | 9,7% | 4,1% | 1,6% |
| | | | |
| Inkomstemengsel | | | |
| Akkommodasie | 70% | 67% | 67% |
| Kos en drank | 27% | 29% | 28% |
| Diverse en winkel | 3% | 4% | 5% |
| | | | |

MHG bereken en gebruik die JAWS-verhouding al vir etlike jare om finansiële prestasie te monitor. Die JAWS-verhouding word bereken deur die maandelikse, kwartaallikse of jaarlikse toename in inkomste met die toename in bedryfskoste vir hierdie tydperke te vergelyk.

MHG het histories 75% van sy na-belaste winste as dividende aan Klas A-gewone aandeelhouers verklaar en uitbetaal. Die dividend vir FJ2017 het R17,2 miljoen bedra en daar word na aanleiding van die laer winsgewendheid voorgestel dat die dividend vir FJ2018 tot R10,8 miljoen verminder.

MHG besit nie enige van die grond en geboue waaruit hotelle bedryf word nie maar huur dit, gewoonlik vir ’n maksimum termyn van tien jaar (wat hernuwings insluit). MHG hernu gewoonlik sy huurkontrakte waar moontlik, aangesien dit nie so maklik is om geskikte alternatiewe eiendomme te vind nie. Alle huurkontrakte word tans korrek vir rekeningkundige doeleindes as bedryfshure geklassifiseer.

Die eerste MHG-hotel wat die maatskappy geopen het, is in Sandton, Johannesburg, geleë. Die grond en geboue wat deur hierdie hotel beset word, word gesamentlik deur Tshepo, Travis en Sarah in hul persoonlike hoedanighede besit. Alle ander hoteleiendomme word deur derde partye aan MHG verhuur.


© SAICA 2018

Die finansiële posisie van MHG aan die einde van die afgelope drie finansiële jare word in die tabel hieronder opgesom.

| | 2016 | 2017 | 2018 |
|---|---|---|---|
| | **Geouditeer** | **Geouditeer** | **Konsep** |
| | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| **Nie-bedryfsbates** | 107 106 | 110 325 | 110 650 |
| Aanleg en toerusting | 94 528 | 99 881 | 97 004 |
| Ontasbare bates | 12 578 | 10 444 | 13 646 |
| | | | |
| **Bedryfsbates** | 52 087 | 56 611 | 58 199 |
| Voorraad | 3 745 | 4 223 | 4 289 |
| Handelsrekeninge ontvangbaar | 23 775 | 23 959 | 25 080 |
| Ander ontvangbare bedrae | 7 132 | 8 386 | 10 032 |
| Kontant en kontantekwivalente | 17 436 | 20 044 | 18 799 |
| | | | |
| **Totale bates** | 159 193 | 166 936 | 168 849 |
| | | | |
| Aandelekapitaal | 25 000 | 25 000 | 25 000 |
| Behoue inkomste | 69 646 | 75 384 | 78 982 |
| **Ekwiteit** | 94 646 | 100 384 | 103 982 |
| | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | 40 272 | 40 080 | 39 907 |
| Opgelope bedryfshuur | 6 359 | 6 041 | 5 739 |
| Lening vanaf 6CWKF | 30 000 | 30 000 | 30 000 |
| Uitgestelde belasting | 3 913 | 4 039 | 4 168 |
| | | | |
| **Bedryfslaste** | 24 275 | 26 473 | 24 960 |
| Handelsrekeninge betaalbaar | 7 489 | 8 446 | 8 577 |
| Opgelope bedrae en inkomste vooruit ontvang | 16 068 | 17 117 | 15 815 |
| Belasting | 718 | 910 | 568 |
| | | | |
| **Totale ekwiteit en laste** | 159 193 | 166 936 | 168 849 |
| | | | |

6CWKF vereis dat MHG te alle tye 'n skuld-tot-ekwiteitsverhouding van minder as 50% moet handhaaf, anders word die lening onmiddellik terugbetaalbaar. 'Skuld' vir hierdie doeleindes (soos per die ooreenkoms met 6CWKF) is gelykstaande aan die boekwaarde van totale laste per IFRS, enige opgelope bedrae, inkomste vooruit ontvang en uitgestelde belasting uitgesluit.

## 6. Leierskap en bestuur

Die huidige direkteure van MHG:

| | |
|---|---|
| Tshepo Umculi | Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) en voorsitter |
| Travis Jagger | Hoof Finansiële Beampte (HFB) |
| Sarah Naidoo | Bemarkings- en besigheidontwikkelingsdirekteur (BBO) |
| Laine Pegasus | Nie-uitvoerende direkteur |
| Reginald Zim | Nie-uitvoerende direkteur |
| Terence Pakic | Nie-uitvoerende direkteur |

Tshepo is ’n gekwalifiseerde sjef met ’n passie vir kuns. Hy werk al die afgelope 15 jaar in die gasvryheidsbedryf. Travis is nie ’n GR(SA) nie, maar het ’n Bcom (Rekeningkunde) graad. Travis het homself die afgelope tien jaar deur die finansiële rekeningkundige en finansiële bestuursrange opgewerk. Travis is veral vaardig in Excel en finansiële modellering. Sarah is ’n voormalige model wat sielkunde deeltyds studeer het. Sy is besonder vriendelik teenoor gaste en het voortreflike charisma.

Laine en Reginald is werksaam by 6CWKF en verteenwoordig die belange van die waagkapitaalfonds op MHG se Direksie. Terence was voor sy aftrede in 2016 ’n ouditvennoot van ’n groot ouditfirma. Travis het gedurende sy leerlingskap[13] vir Terence gewerk en ken hom goed.

## 7. Gerusstellingsverskaffers[14]

Richards and Associates dien al jare lank as MHG se Geregistreerde Ouditeure. Charlie Jones is met ingang van FJ2014 as die aanstellingsvennoot[15] wat vir MHG se oudit verantwoordelik is, toegewys.

Gegewe die omvang van MHG se bedrywighede, het MHG in 2017 ’n interne oudit-eenheid, onder leiding van Brian Stewart, op die been gebring. Die volle Direksie is vir die oorsig oor interne oudit verantwoordelik, en Brian word genooi om Direksievergaderings by te woon en soos nodig oor die interne bevindinge verslag te lewer.

[13] Eng.: Articles.
[14] Eng.: Assurance providers.
[15] Eng.: Engagement partner.

**DOKUMENT B**

**E-POS VAN TRAVIS JAGGER AAN JUNIOR ONTWRIGTER**

| | |
|---|---|
| **Van:** | Travis Jagger |
| **Gestuur:** | Vrydag 9 November 2018, 7:30 vm |
| **Aan:** | Junior Ontwrigter |
| **GK:** | |
| **Onderwerp:** | Rekeningkundige verantwoording van huurkontrakte |

Hallo daar

Ek vertrou jou eerste week in jou rol as 'n ontwrigter by MHG was verfrissend en stimulerend.

Ons het 'n fout begaan om nie die potensiële impak van IFRS 16 *Leases* op MHG se finansiële state te ondersoek nie. Ons het nie die aangeleentheid nagevors nie aangesien ons tot en met FJ2020 het om die nuwe standpunt te implementeer. Dink asseblief bietjie na oor hierdie aangeleentheid – ons kan mettertyd daaroor gesels.

Terloops, het jy daardie persartikel in *Business Day* gelees oor die HUB van 'n groot genoteerde maatskappy wat oor die ewig-veranderende syferknarsreëls[16] gekla het? Die HUB het glo dié kommentaar by die aanbieding van hul jaarlikse resultate gelewer, en het verklaar dat die reëls vir rekeningkundige verantwoording van huurkontrakte 'n voorbeeld is van rekeningkundige beginsels wat heeltemal uit voeling met ekonomiese realiteit is. Hy het aan ontleders gesê dat die nuwe rekeningkundige reëls daartoe sal lei dat die 'uitgawe' in die volgende jaar se finansiële state 150% hoër sal wees as die kontanthuur wat betaal sal word. Sy mening was dat dit die werklike prentjie verdraai en onlogies is.

Maar miskien is die kapitalisering van huurkontrakte nie net sleg nie. Ek het by 'n seminaar gehoor dat 'n gehuurde bate jaarliks tot billike waarde herwaardeer kan word. Miskien kan dit ons balansstaat die hupstootjie gee wat dit nodig het, sodat ons nie soveel hoef te sukkel om finansiering te bekom nie. Ek is seker daar is 'n bietjie beweegruimte in wat as 'n redelike skatting van 'billike' waarde beskou sal word?

Groete
Travis

**HFB:** Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm vir meer besonderhede.

[16] Eng.: number crunching rules.

**DOKUMENT C**

**E-POS VAN TRAVIS JAGGER AAN JUNIOR ONTWRIGTER**

| | |
|---|---|
| **Van:** | Travis Jagger |
| **Gestuur:** | Maandag 12 November 2018, 4:30 nm |
| **Aan:** | Junior Ontwrigter |
| **GK:** | |
| **Onderwerp:** | Gaste-programme |

Hallo daar

Net ’n lukrake en totaal sonderlinge gedagte – moet MHG ’n ‘lewenslange gas’-program bekendstel? Dit kan ’n handige manier wees om broodnodige kontant vir ons groep te verkry. Wat byvoorbeeld daarvan dat ons 100 leeftydpakkette aan individue verkoop, waardeur hulle lewenslank vir ’n maksimum van 30 nagte per jaar ‘gratis’ (slegs verblyf) in een van ons hotelle kan oorbly? Dit kan in ’n oogwink miljoene inbring.

Wat dink jy daarvan?

Groete
Travis

**HFB:** Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm vir meer besonderhede.

**DOKUMENT D**

**E-POS VAN TSHEPO UMCULI AAN JUNIOR ONTWRIGTER**

| | |
|---|---|
| **Van:** | Tshepo Umculi |
| **Gestuur:** | Dinsdag 13 November 2018, 9:37 vm |
| **Aan:** | Junior Ontwrigter |
| **GK:** | |
| **Onderwerp:** | 6CWKF-lening |

Goeiemôre

Net om jou te laat weet dat, ondanks die feit dat die 6CWKF-lening nie omskepbaar is in MHG-aandele nie, dit tog lyk asof 6CWKF gaan voortgaan met hul versoek dat ’n deel van hul lening in Klas B-aandele omskep moet word. Hulle voel dat hulle in die vroeë stadiums ’n belangrike rol gespeel het in die befondsing van die onderneming om dit van die grond af te kry en dat hulle ’n sterker stem behoort te hê wanneer dit by die neem van sleutelbesluite kom.

Ek vra jou dalk later om my te help om die potensiële impak van hierdie versoek te evalueer.

Ek sal jou kontak.

Groete
Tshepo

**HUB:** Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm vir meer besonderhede.

**DOKUMENT E**

**E-POS VAN TRAVIS JAGGER AAN JUNIOR ONTWRIGTER**

| | |
|---|---|
| **Van:** | Travis Jagger |
| **Gestuur:** | Woensdag 14 November 2018, 9:48 vm |
| **Aan:** | Junior Ontwrigter |
| **GK:** | Brian Stewart |
| **Onderwerp:** | Sekondering na interne oudit-eenheid |

Hallo daar

Ek het pas met Brian gesels, en ons stem saam dat jy, gegewe jou spesifieke kennis en ondervinding, in staat sal wees om sy span baie met hul oorsig oor die 2018 finansiële jaarstate te help. Ons besef egter dat jy reeds ’n swaar werkslading het, en ons het daarom ooreengekom dat die omvang van jou bystand beperk sal wees tot 40 uur in die tydperk tot die aanvang van die veldwerkfase van die eksterne ouditeure se oudit in Januarie 2019.

So, ’n bietjie agtergrond: Interne oudit se oorsig oor die 2018 finansiële jaarstate word tans onderneem in ooreenstemming met ’n Direksiebesluit van Oktober 2018 wat op die volgende baseer word:

(i) Die direkteure neem die nodige verantwoordelikheid om die billike aanbieding van die finansiële state te verseker, en

(ii) Die siening dat, sou die eksterne ouditeure die risiko van wesenlike wanvoorstelling in die finansiële jaarstate op ’n laer vlak assesseer, die tyd wat aan die eksterne oudit bestee word en die gevolglike eksterne ouditfooie verminder sal word. (Die eksterne ouditeure het in beginsel ooreengekom om, waar toepaslik, staat te maak op interne oudit se werk.)

Interne oudit het dus opdrag ontvang om daardie areas van die finansiële state te identifiseer wat hulle as onderhewig aan ’n hoër risiko vir wesenlike wanvoorstelling ag, en ouditwerk uit te voer om enige wesenlike wanvoorstellings wat geïdentifiseer is, op te spoor en aan te meld – hierdie wanvoorstellings sal dan voor die aanvang van die oudit reggestel word. Ons het egter besef dat die interne oudit-eenheid nie oor voldoende ervare personeel beskik om hierdie werkopdrag sonder hulp aan te pak nie, en het daarom ooreengekom dat hulle geskikte individue, soos jouself, soos nodig kan inkontrakteer.

Brian sal jou binnekort kontak om jou meer inligting oor hierdie sekonderingsgeleentheid te gee.

Terloops, gegewe jou belangstelling in ouditkunde: Iemand het vir my ’n strooibiljet van ’n komende SAIGR-seminaar gestuur. Lyk na ’n interessante onderwerp – ek het gedink dat jy dalk belang sou stel om dit by te woon. Ek heg die biljet vir jou aan.

Groete
Travis

**HFB:** Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm vir meer besonderhede.

**E-POS AANHANGSEL**

***Strooibiljet van komende SAIGR-seminaar***




Die oudit van rekeningkundige ramings is een van die ouditareas met die hoogste aantal inspeksiebevindings. Gegewe die veranderinge in die finansiële verslagdoening-standpunte, is dié seminaar ontwikkel met die doel om ouditpraktisyns te help met die toepassing van die huidige ISA 540 op verskeie rekeningkundige ramings wat ingevolge IFRS erken, gemeet en openbaar gemaak word. Dit sluit byvoorbeeld die raming van billike waarde ingevolge IFRS 13 in, wat in verskeie metingsmodelle vervat in ander standpunte gebruik word.

## Onderwerpe

- 'n Oorsig oor die soorte inspeksiebevindings
- 'n Verfrisser oor die vereistes van die huidige ISA 540
- Herbevestiging van die IFRS-beginsels en oorweging van die ouditimplikasies
- Om vereistes met behulp van voorbeelde en praktiese gevallestudies byeen te bring

## VPO[17]

Hierdie aanbieding dra by tot 'n maksimum van vier ure van verifieerbare VPO. Teken asseblief u VPO-uur/e aan op die VPO-stelsel, toeganklik via die **SAIGR-webwerf**. Alternatiewelik kan u ook u lidmaatskapkaart saambring na die geleentheid.

## Meer oor die aanbieder



John Doe GR(SA), GO[18]
Hoof van Ouditrisiko by CPD Consulting

John het meer as 15 jaar ervaring as 'n ouditvennoot, en werk met JSE genoteerde maatskappye, nie-winsgedrewe maatskappye en eienaar-bestuurde besighede.

## Wie behoort dit by te woon

Ouditeure en gerusstellings-praktisyns, asook hul ondersteuningspersoneel, insluitend ouditbestuurders, toesighouers, leerling-rekenmeesters en aanstelling-gehaltebeheer-beoordelaars, asook ander lede en nie-lede wat geraak word deur, of belangstel in oudit- en gerusstellings-verwante sake.

## Datums en plekke

3 Des | Windmill Casino | Bfn

4 Des | Diep in die Berg | Pta

5 Des | The River Club | Kpstd

6 Des | Riverside Hotel | Durban

7 Des | ABC Centre | Jhb

7 Des | Webuitsending

## Bespreek jou plek

Telefoon: 08610 SAICA

E-pos: saica@saica.co.za

Webwerf: www.saica.co.za

---

17 Eng.: CPD.
18 Eng.: RA.


© SAICA 2018

## DOKUMENT F

## E-POS VAN BRIAN STEWART AAN JUNIOR ONTWRIGTER

| | |
|---|---|
| **Van:** | Brian Stewart |
| **Gestuur:** | Vrydag 16 November 2018, 4:58 nm |
| **Aan:** | Junior Ontwrigter; Interne ouditspan |
| **GK:** | |
| **Onderwerp:** | Fokusareas vir volgende week |

Beste almal

Dit gee my groot genoë om Junior Ontwrigter tot ons span te verwelkom (al is dit net vir ’n beperkte tyd) om ons te help met die opsporing van en verslagdoening oor enige wesenlike wanvoorstellings in MHG se 2018 finansiële jaarstate – voor die Direksie se goedkeuring daarvan tydens hul Desember-vergadering.

Hierdie e-pos dien dan ook sommer om julle attent te maak daarop dat ons gedurende volgende week op die volgende areas sal fokus:

- Direkteure se leningsrekeninge – aangesien die volume transaksies in hierdie rekeninge aansienlik vanaf vorige jare toegeneem het, sal die ouditeure dit ongetwyfeld wil verifieer (dit geld ook vir die verwante belastinggevolge); en

- Oorskatting van akkommodasie-inkomste – as ons enigsins ag slaan op vorige jare, sal Charlie Jones en sy span weer bekommerd wees oor hierdie area (waarna hy per geleentheid as ’n 'beduidende risiko' verwys het).

Julle hoef nie bekommerd te wees oor die rekeningkundige hantering van inkomste nie – MHG het ’n omvattende oorsig oor die maatskappy se inkomste-erkennings-, metings- en openbaarmakingsbeleid gehad en dit is deur die eksterne ouditeure afgeteken. Dieselfde geld vir die belastinghantering van inkomste.

Onthou asseblief dat ons ouditwerk deel van die ‘2018 ouditpakket’ sal uitmaak, en as deel van die 2018 finansiële jaarstate aan die eksterne ouditeure verskaf sal word – dokumenteer dus al die werk wat gedoen word, behoorlik. Ons moet bewys dat ons in staat is om waarde tot MHG toe te voeg – dit sal daartoe lei dat meer hulpbronne in die komende jare aan ons eenheid toegedeel sal word.

Geniet die naweek!

Groete
Brian Stewart BCom (Gasvryheidsbestuur) NGD[19] in Risikobestuur

**Hoof Oudit Beampte**: Millennial Hotelgroep

KENNISGEWING: Let asseblief daarop dat hierdie e-pos en die inhoud daarvan onderworpe is aan die standaard e-pos-vrywaringsklousule van die Millennial Hotelgroep. Kyk http://www.millennialhg.co.za/disclaimer/email.htm vir meer besonderhede.

[19] Eng.: PGD.